# OORDELE – 6
## (EEN UUR)

**TEMA: UITWISSING IN EEN UUR**

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

Nota: U word aangeraai om die vorige lesing(s) oor hierdie insiggewende onderwerp "Oordele" te bestudeer.

-o0o-

**SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING: OPENBARING 18:11 – OPENBARING 19:10**

**Openbaring 18:11 En die handelaars van die aarde sal ween en rou bedrywe oor haar, omdat niemand hulle koopware meer koop nie,**
**Open 18:12 koopware van goud en silwer en edelgesteente en pêrels en fyn linne en purper en sy en skarlaken; en allerhande geurige hout en allerhande voorwerpe van ivoor en allerhande voorwerpe van die kosbaarste hout en van koper en yster en marmer**
**Open 18:13 en kaneel en reukwerk en salf en wierook en wyn en olyfolie en fynmeel en koring en grootvee en skape; en van perde en waens en slawe en mensesiele.**
**Open 18:14 En die vrugte wat jou siel begeer, het van jou gewyk, en al die blinkende en die skitterende dinge het van jou gewyk, en jy sal dit nooit weer kry nie.**
**Open 18:15 Die handelaars in hierdie dinge, wat van haar ryk geword het, sal ver weg staan uit vrees vir haar pyniging, terwyl hulle ween en rou bedrywe en sê:**
**Open 18:16 Wee, wee die groot stad wat bekleed was met fyn linne en purper en skarlaken en versierd met goud en edelgesteente en pêrels, omdat in een uur soveel rykdom verwoes is!**
**Open 18:17 En elke stuurman en die hele menigte op die skepe, en die matrose en almal wat die see bevaar, het ver weg gaan staan**
**Open 18:18 en het uitgeroep toe hulle die rook van haar verbranding sien, en gesê: Watter stad is soos die groot stad?**
**Open 18:19 En hulle het stof op hul hoofde gegooi en onder geween en weeklag uitgeroep en gesê: Wee, wee die groot stad waarin almal wat skepe op die see het, deur haar kostelike skatte ryk geword het; want dit is in een uur verwoes!**
**Open18:20 Verbly jou oor haar, o hemel, en o heilige apostels en profete, omdat God julle oordeel aan haar voltrek het!**
**Open 18:21 En een sterk engel het 'n klip opgetel soos 'n groot meulsteen en dit in die see gegooi en gesê: So, met 'n vaart, sal Babilon, die groot stad, neergegooi word en nooit meer gevind word nie.**
**Open 18:22 En die stem van siterspelers en sangers en fluitspelers en basuinblasers sal nooit meer in jou gehoor word nie, en geen kunstenaar van enige kuns sal ooit weer in jou gevind word nie, en die geluid van die meul sal nooit meer in jou gehoor word nie.**
**Open 18:23 En die lig van 'n lamp sal nooit meer in jou skyn nie, en die stem van bruidegom en bruid sal nooit meer in jou gehoor word nie; want jou handelaars was die grotes van die aarde; want deur jou towery is al die nasies verlei.**
**Open 18:24 En die bloed van profete en heiliges is in haar gevind, en van almal wat op die aarde gedood is.**

-o0o-

**Openbaring 19:1 En ná hierdie dinge het ek iets soos 'n groot stem van 'n groot menigte in die hemel gehoor wat sê: Halleluja, die heil en die heerlikheid en die eer en die krag aan die Here onse God!**
**Open 19:2 Want sy oordele is waaragtig en regverdig; want Hy het die groot hoer geoordeel wat die aarde met haar hoerery verderf het, en Hy het die bloed van sy diensknegte op haar gewreek.**
**Open 19:3 En vir die tweede maal het hulle gesê: Halleluja! En haar rook gaan op tot in alle ewigheid.**
**Open 19:4 En die vier en twintig ouderlinge en die vier lewende wesens het neergeval en God aanbid wat op die troon sit, en gesê: Amen, Halleluja!**
**Open 19:5 En 'n stem het uit die troon uitgegaan en gesê: Prys onse God, al sy diensknegte, en julle wat Hom vrees, klein en groot!**
**Open 19:6 En ek het iets gehoor soos die stem van 'n groot menigte en soos die geluid van baie waters en soos die geluid van sterk donderslae wat sê: Halleluja! want die Here God, die Almagtige, het die koningskap aanvaar.**
**Open19:7 Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak.**
**Open 19:8 En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges.**
**Open 19:9 Toe sê hy vir my: Skryf salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam. En hy sê vir my: Dit is die waaragtige woorde van God.**
**Open 19:10 En ek het voor sy voete neergeval om hom te aanbid; maar hy het vir my gesê: Moenie! Ek is 'n mededienskneg van jou en van jou broeders wat die getuienis van Jesus het. Aanbid God. Want die getuienis van Jesus is die gees van die profesie.**

In die vorige les het ons die oordeel gesien wat op Babilon gaan kom (Oordele 4+5).

## 1. SELFVERRYKING

**Openbaring 18:11 En die handelaars van die aarde sal ween en rou bedrywe oor haar, omdat niemand hulle koopware meer koop nie,**
Dit gaan alles oor selfverryking, oor "ek wil meer hê". Lees hoe hy alles verder beskryf (Open 18:12-13).

Ons lees nou vanaf vers 14.

**Open 18:14 En die vrugte wat jou siel begeer, het van jou gewyk, en al die blinkende en die skitterende dinge het van jou gewyk, en jy sal dit nooit weer kry nie.**
Kyk die verskriklike oordeel wat op hom kom.

**Open 18:15 Die handelaars in hierdie dinge, wat van haar ryk geword het, sal ver weg staan uit vrees vir haar pyniging, terwyl hulle ween en rou bedrywe**
Hulle het hulleself verryk, in plaas daarvan dat hulle God se Koninkryk gebou het. Hulle het vir hulself 'n eie koninkryk gestig van eer, status, roem, besitreg, heerskappy en alles wat daarmee gepaard gaan. Die wêreld is vol daarvan. Ons hoef nie vêr te gaan kyk nie.

**Open 18:16 .... en sê: Wee, wee die groot stad wat bekleed was met fyn linne en purper en skarlaken en versierd met goud en edelgesteente en pêrels, omdat in een uur soveel rykdom verwoes is!**

-o0o-

Kan jy sien hoe aanbid hulle rykdom, geld, status, roem en eer? Hulle het geen gevoel vir die evangelie van Christus Jesus nie. Al wat hulle sien is net hierdie rykdom wat verwoes is. **In een uur**, sê die Here, sal alle rykdom op aarde verwoes word.
Het jy al stil gestaan en gedink aan die groot stede in die wêreld soos Johannesburg en Chicago? Kan jy dink wat gaan gebeur as die totale rykdom van die wêreld binne een uur vernietig word? Dit is net omdat die mens nie gedoen het wat God gesê het hy moet doen, met dit wat Hy in sy hande geplaas het nie, maar gedoen het wat satan gesê het en homself verryk het. Die Bybel sê dat alle rykdom in een uur verwoes sal wees. Dit is verskriklik!

**Open 18:17 En elke stuurman en die hele menigte op die skepe, en die matrose en almal wat die see bevaar, het ver weg gaan staan**
**Open 18:18 en het uitgeroep toe hulle die rook van haar verbranding sien, en gesê: Watter stad is soos die groot stad?**
Hier aanbid hulle die sisteme van satan.

**Open 18:19 En hulle het stof op hul hoofde gegooi en onder geween en weeklag uitgeroep en gesê: Wee, wee die groot stad waarin almal wat skepe op die see het, deur haar kostelike skatte ryk geword het; want dit is in een uur verwoes!**
Dit is nou al die derde keer wat hy sê dat dit in een uur vernietig word. Dit wys net vir jou hoe 'n verskriklike oordeel dit gaan wees.

**Open18:20 Verbly jou oor haar, o hemel, en o heilige apostels en profete, omdat God julle oordeel aan haar voltrek het!**
Die Here praat nou hier. Hy praat met sy apostels, profete en die hemel. Hy praat met die gereddes, die wat uit die sisteem gekom het en wat nie onder die oordeel is nie.

**Open 18:21 En een sterk engel het 'n klip opgetel soos 'n groot meulsteen en dit in die see gegooi en gesê: So, met 'n vaart, sal Babilon, die groot stad, neergegooi word en nooit meer gevind word nie.**
**Open 18:22 En die stem van siterspelers en sangers en fluitspelers en basuinblasers sal nooit meer in jou gehoor word nie, en geen kunstenaar van enige kuns sal ooit weer in jou gevind word nie, en die geluid van die meul sal nooit meer in jou gehoor word nie.**
**Open 18:23 En die lig van 'n lamp sal nooit meer in jou skyn nie, en die stem van bruidegom en bruid sal nooit meer in jou gehoor word nie; want jou handelaars was die grotes van die aarde; want deur jou towery is al die nasies verlei.**
**Open 18:24 En die bloed van profete en heiliges is in haar gevind, en van almal wat op die aarde gedood is.**
Kyk die verskriklike oordeel wat gekom het op haar. Daar sal nooit weer sulke stelsels wees nie. God sê in Sy Woord dat dit nooit, ooit weer sal bestaan nie. Daar sal nooit weer iets soos tradisies, politiek, hoerery, Mammon, of okkulte wees nie. God gaan dit vir ewig en ewig heeltemal vernietig.

## 2. STEM VAN DIE VADER

**Openbaring 19:1 En ná hierdie dinge het ek iets soos 'n groot stem van 'n groot menigte in die hemel gehoor wat sê: Halleluja, die heil en die heerlikheid en die eer en die krag aan die Here onse God!**

-o0o-

**Open 19:2 Want sy oordele is waaragtig en regverdig; want Hy het die groot hoer geoordeel wat die aarde met haar hoerery verderf het, en Hy het die bloed van sy diensknegte op haar gewreek.**
**Open 19:3 En vir die tweede maal het hulle gesê: Halleluja! En haar rook gaan op tot in alle ewigheid.**
**Open 19:4 En die vier en twintig ouderlinge en die vier lewende wesens het neergeval en God aanbid wat op die troon sit, en gesê: Amen, Halleluja!**
**Open 19:5 En 'n stem het uit die troon uitgegaan en gesê: Prys onse God, al sy diensknegte, en julle wat Hom vrees, klein en groot!**
**Open 19:6 En ek het iets gehoor soos die stem van 'n groot menigte en soos die geluid van baie waters en soos die geluid van sterk donderslae wat sê: Halleluja! want die Here God, die Almagtige, het die koningskap aanvaar.**
Dit is die stem van die Vader

## 3. OPOFFERING

**Open19:7 Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak.**
**Open 19:8 En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges.**
As jy sê dat jy Bruid is, gaan dit vir jou n prys kos.

- Jy sal jou bloed moet gee,
- jy sal jou lewe moet gee,
- jy sal jou alles moet gee.
- Jy sal bekleed moet wees met rein, fyn linne, wat die regverdige dade van die heiliges is.

Dit is net die Bruid wat God se wil gedoen het, met dit wat God gegee het, om Sy doel te bereik. Dit wat sy ontvang het, het sy gebruik om haarself te beklee, deur die regverdige dade van die heiliges toe te pas. Sy het haar tyd, geld en haar hele wese gegee. Sy het alles gegee, net vir een rede en dit is om die regte ware persoonlikheid van Christus Jesus uit te dra na die wêreld. Sy het nagte in hospitale gesit en saam gebid. Sy het gebid in krisis tye en daar gehelp. Sy het nie net aan haarself gedink nie, sy het gedink aan haar medemens. Sy het haarself as 'n rein offer gegee vir die evangelie, sodat mense die Lewende Here in haar lewe kon sien.

- Sy het die DNA, die perfekte persoonlikheid van haar Bruidegom, gedra.
- Sy was die perfekte replika van Christus Jesus vir hierdie wêreld.
- Sy het haarself nie verryk nie.
- Sy het haarself beklee met rein, fyn linne, wat die regverdige dade van die heiliges is.

**Open 19:9 Toe sê hy vir my: Skryf salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam. En hy sê vir my: Dit is die waaragtige woorde van God.**
**Open 19:10 En ek het voor sy voete neergeval om hom te aanbid; maar hy het vir my gesê: Moenie! Ek is 'n mededienskneg van jou en van jou broeders wat die getuienis van Jesus het. Aanbid God. Want die getuienis van Jesus is die gees van die profesie.**

- Dit is hulle wat die getuienis van Jesus is.
- Dit is hulle wat die waaragtige DNA dra,
- Hulle wat die liefdes-evangelie wat God gegee het deur Christus, nog steeds dra.
- Dit is die perfekte replika van wie Hy werklik is.

-o0o-

Hy sê, *Aanbid God. Want die getuienis van Jesus is die gees van die profesie.* Dit is die oordeel wat gaan kom mense!

Waar staan jy in hierdie tyd van hierdie uur? Die Here het nou die dag gesê dat die tyd van oordeel voor die deur is. Die Here het gesê dat die uurglas reeds leeg geloop het. Waar staan ons tyd nou? Waar staan ek en jy? Is ons regtig deel van Sy Bruid wat hierdie oordeel gaan vryspring, of gaan ons deel wees van hierdie oordeel? Onthou, daar is nie twee paaie nie. Daar is net een pad. Jy is of ware Bruid, of jy is die hoer en word geoordeel, een van die twee. Daar is nie n middelpad van miskien dit of dat nie. Daar is net twee. God se Bruid of satan se bruid.

- Die ware Bruid van Christus Jesus is bekleed met rein, fyn linne, wat die regverdige dade van die heiliges is.
- Die hoer het met satan gehoereer.

Waar staan jy vandag? Is jy regtig deel van die Bruid van Christus Jesus, of is jy nog gebonde in sisteme en deel van die regering van satan? Funksioneer jy met dit wat God vir jou gegee het in satan se regering, of funksioneer jy in God se wil, soos God elke dag vir jou sê? Net jy kan die antwoord gee. Daar is nie 'n middeweg nie. Jy is in die ark, of buitekant die ark!

- Binne in die ark, die verbond, is ons veilig.
- Buitekant die verbond het ons moeilikheid.

## 4. NUWE VERHOUDING

Ek seën julle met hierdie woord. Ek vertrou dat julle hierdie woord baie ernstig sal opneem. Vat dit en maak dit jul eie, sodat die Here julle kan help om in hierdie laaste oomblikke van tyd die regte besluite te kan neem.

- Breek weg van al die sisteme!
- Begin om 'n verhouding met die Here te bou.
- Begin om jouself vandag te verloën.
- Neem jou kruis op en volg Christus Jesus en begin om Sy DNA uit te lewe.

Ontdek die waarhede van die Woord, die waaragtige Skrif. Laat die Heilige Gees dit vir julle openbaar. Die Heilige Gees is daar om ons te leer van die Woord, sodat wanneer Hy kom, ons Hom van aangesig tot aangesig sal ken. Ons sal dan nie net van Hom gehoor het nie, maar ons sal weet dat ons 'n verhouding en 'n verbond met ons hemelse Bruidegom het.

Die Here seën vir julle.
Ek vertrou dat hierdie lering julle in die plek gebring het waar die Here wil hê julle moet wees.
Die Here seën elke oor wat gehoor het wat die Gees vir die gemeente gesê het.

**Gert se Droom**
Ek wil net byvoeg dat ek in 2010 'n droom gehad oor die val van die groot hoer. Dit was 'n ontsaglike droom gewees, wat vir my letterlik dae lank laat bloed sweet het, as ek dit so kan noem, oor die angs wat oor my gekom het, van die verskriklike oordeel wat gaan kom.

Jy kan die droom op die webwerf lees, **www.mountzionministries.net** en dan kyk jy na die val van die groot hoer. Laai dit af sodat jy dit kan verstaan.

-o0o-